



# Universiteit van Pretoria Jaarboek 2018

## Programmering en inligtingtegnologie 213 (MPR 213)

<b>Kwalifikasie</b>	Voorgraads
<b>Fakulteit</b>	Fakulteit Ingenieurswese, Bou-omgewing en Inligtingtegnologie
<b>Modulekrediete</b>	16.00
<b>Programme</b>	Blng Bedryfsingenieurswese Blng Bedryfsingenieurswese ENGAGE Blng Chemiese Ingenieurswese Blng Chemiese Ingenieurswese ENGAGE Blng Meganiese Ingenieurswese Blng Meganiese Ingenieurswese ENGAGE Blng Metallurgiese Ingenieurswese Blng Metallurgiese Ingenieurswese ENGAGE Blng Mynbou-ingenieurswese Blng Mynbou-ingenieurswese ENGAGE Blng Siviele Ingenieurswese Blng Siviele Ingenieurswese ENGAGE
<b>Voorvereistes</b>	Geen voorvereistes.
<b>Kontaktyd</b>	4 lesings per week, 2 praktiese sessies per week
<b>Onderrigtaal</b>	Aparte klasse vir Engels en Afrikaans
<b>Departement</b>	Meganiese en Lugvaartkundige Ingenieurswese
<b>Aanbiedingstydperk</b>	Semester 1

### Module-inhoud

Gevorderde bladtoepassings: Veldname, liniêre algebra, oplossing van stelselvergelykings, regressie, interpolasie, optimisasie en tabelmanipulasie. Basiese gestruktureerde programmering: Lisvorming, vertakking, subroetines, iterasie, lees en skryf van data lêers. Ontwikkeling, kodering en oplos van eenvoudige programme in hoëvlak programmeringstaal. Programbeginsels word deur middel van wiskundige konsepte soos beperkinge, differensiasie, integrasie en liniêre algebra aangetoon. Gestruktureerde programmering deur gebruikmaking van funksies en beskikbare toepassings. Basiese grafiese uitsette (kartering word ook gedek). Verskillende inligtingsbronne, soek en bestuur van inligting. Gebruik van databasisse. Ontwikkeling van webblaaie. Hardwareinteraksie en beheer van toerusting en stelsels.



Die inligting wat hier verskyn, is onderhewig aan verandering en kan na die publikasie van hierdie inligting gewysig word.. Die [Algemene Regulasies \(G Regulasies\)](#) is op alle fakulteite van die Universiteit van Pretoria van toepassing. Dit word vereis dat elke student volkome vertrouwd met hierdie regulasies sowel as met die inligting vervat in die [Algemene Reëls](#) sal wees. Onkunde betreffende hierdie regulasies en reëls sal nie as 'n verskoning by oortreding daarvan aangebied kan word nie.